

Vermy dié slaggate in aanwas-eis

Die ware doel is om groter gelykheid te bring in huwelike

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Ek kyk vandag na die rol van lewensversekering en die huweliks-aanwas. Dit is 'n grys area in die reg. 'n Leser wil weet of hy met 'n lewenspolis die aanwas-eis van sy vrou kan dek wanneer hy sterf.

Dis 'n probleem waarmee akademiëci al lank worstel. En waarom daar nog geen regspraak is nie, behalwe dalk een saak wat die akademiëci skynbaar as minder belangrik beskou.

Maar kom ons begin.

Die huweliks-aanwas vind jy by huwelike buite gemeenskap van goed wat aangegaan is ná 1 November 1984 en waar die aanwas nie spesifiek uitgesluit is nie. Ons praat van die aanwasbedeling.

In huwelike wat die aanwasbedeling insluit, gaan elke gade voort om sy of haar eie boedel na goeëddunke te behartig. Maar by die beëindiging van die huwelik, hetsy deur egskedding of dood, het die gade (of sy of haar boedel ingeval van dood), wie se boedel die minste groei getoon het tydens die huwelik, 'n eis teen die ander gade (of boedel ingeval van dood) vir 'n bedrag gelyk aan die helfte van die verskil in groei tussen die twee boedels tydens die huwelik.

Neem tog net kennis, dit is nie 'n eis om die helfte van die grootste boedel nie, soos ek al gehoor het lesers vra. Dit is 'n eis om die helfte van die verskil in groei.

Die doel van die aanwasbedeling is om groter gelykheid te bring in huwelike waar die een gade, byvoorbeeld 'n huisvrou (of tuisteskepper, afhangend van die dekade waarin jy jou Afrikaans geleer het), geen groei in haar boedel gehad het nie, terwyl haar man welvaart geskep het.

Akademiëci praat bont

Nou is die vraag van die leser, sê nou die man het eiendom, of sakebelange, wat hy spesifiek wil bemaak wanneer hy sterf.

Maar hy wil ook voorsiening maak vir sy vrou se aanwas-eis, wat hy weet gaan kom.



Effektetrusts – só werk dit

'n Effek en 'n effektetrust is twee verskillende goed.

'n Effek (*bond*) is die onderliggende instrument waarin jy belê.

'n Effektetrust is die vorm waarin jou belegging gehou word. Dit kan effekte insluit, asook kontant en aandele. 'n Mengsel hiervan, of 'n enkele een, afhangend van die effektetrustfonds se mandaat.

Die nuwe deftige naam vir effektetrusts is kollektiewe beleggingskemas. Meer beskrywend dalk, maar te aansitterig na my sin.

'n Effektetrust-belegging werk so: Beleggers belê hul geld in 'n bepaalde effektetrustfonds, of liever, fondse om diversiteit in die portefeulje in te bring.

Nog raad

Op die manier kry beleggers blootstelling aan 'n groter poel van beleggingsinstrumente met 'n kleiner kapitaaluitleg. Jy koop eenhede in die fonds.

Dit bied 'n geleentheid om inflasie te klop, want die fondse klop gewoonlik inflasie. Soms baie ver.

Dit bied likwiditeit, sou jy 'n deel van die belegging in kontant wil omskakel. Dit kan aan 'n ander party oorgepraag word, of selfs namens iemand anders uitgeneem word.

Jy kan die vordering in jou belegging daagliks dophou in die media of op die beleggingsplatform self.

Die belangrikste aspek is dat jy weet die fondse word deur kundige batebestuurders en hul navorsingspanne bestuur.

Ek praat nie van mans wat die aanwas-eis probeer omseil nie. Ek praat van mans met integriteit. Dit is net dat hy 'n oplossing soek vir 'n bepaalde finansiële probleem.

Om vir haar voorsiening te maak met lewensversekering sou 'n logiese en eenvoudige oplossing bied.

Maar nee, die akademiëci maak wat akademiëci met probleme doen. Hulle stry en praat en skryf. Maar van 'n praktiese oplossing kom daar min.

Hier is dit kortliks. Neem jy lewensdekking op jou eie lewe, uitbetaalbaar aan jou boedel, vergroot jy eenvoudig die waarde in jou boedel. En vergroot jy die aanwas-eis (onthou, jou boedelwaarde is nou soveel meer).

Maar doen jy presies dieselfde en begunstig die opbrengs van die lewenspolis aan jou oorlewende gade, dan sê die akademiëci, nee, dit verhoog nie haar boedelwaarde nie.

Maar die akademiëci verkies om een

kant toe te so en anderkant toe te sus.

Intussen worstel mense met die probleem om voorsiening te maak vir 'n langsewende gade met lewensversekering.

Kan die langsewende gade nie self die polis uitneem nie? Dan kan dieselfde argument mos gevolg word dat die dood van die eerssterwende seker is en die polis dan aan die langsewende uitbetaal.

Nee, dan, so redeneer die akademiëci, betaal dit ná dood en vorm dit dus nie deel van die langsewende se boedel nie (soos in Danielz vs. De Wet).

Aanwas gaan oor waarde

Wat van 'n skenking aan die ander gade?

Nee. Skenkings word spesifiek uitgesluit van die aanwas.

Wat van 'n ooreenkoms met die gade? Ek begunstig die polis aan jou, maar jy moet belowe om nie te eis nie.

Dit, sou ek sê, is vertrou tot die dood toe. Of langer? Dis erg baie vertrou.

Maar die vraag oor die persoon met groot sakebelange, wat dalk 'n kind wil help wat betrokke geraak het by die saak.

Ek sou sê die gade met die sakebelang en die kind wat betrokke is, moet 'n koop- en verkoop-ooreenkoms aangaan, met 'n bedrag lewensversekering wat die kapitaal sal verskaf vir die koop van die oorledene se belang.

Op dié manier sal die kind die belang in die saak bekom, vry van die las van 'n ouer as mede-aandeelhouer.

Die langsewende gade sal presies dieselfde eis teen die boedel van die oorledene hê. Dis bloot die bate in die boedel wat verander het, nie die waarde nie.

Die aanwas-eis gaan tog om die waarde, nie die bate nie.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com